

Gereformeerde Kerk Bellville – 29 November 2015 – Oggend

Sing vooraf staande: Skrifberyming 4-3:1, 2

- 1 Lofwaardig is ons God, die Heer – / genade toon Hy weer.
Hy gee aan ons, soos lank verwag, / die redder van die volk –
verlossing uit die vyandsmag / en donker onweerswolk.
- 2 Aan sy verbond bly Hy getrou; / beloftes sal Hy hou.
Daarom kan ons Hom altyd dien / solank ons hier mag leef.
Die vyand sal ons werke sien / en almal voor Hom beef.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 145:1, 2, 3 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 139:1, 12 (p. 674)

- 1 Daar 's niks voor U bedek, o HEER! / U skou uit ewige dieptes neer
en sien my hart en wandel aan: / al wat ek doen, my sit en staan,
of wat in my diep weggesink het – / U weet al wat my hart bedink het.
- 12 Deurgrond, o HEER, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees.
En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van ewige vrede.

Gebed

Psalm 36:2, 3 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.
- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die ewige son / wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bouse hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwel!
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Skriflesing: Genesis 3:1-24

Kernverse: Genesis 3:15

En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt. (Genesis 3:15 AFR53)

Tema: God betoon oneindige genade aan die mens te midde van sy oordele

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, uit hierdie Skrifgedeelte sien 'n mens twee dinge sommer so met die eerste lees raak. Aan die een kant sien 'n mens hoe moeilik dit vir ons mense is om ons skuld voor die Here te bely. Aan die ander kant oorweldig die Here ons met die hoeveelheid geduld wat Hy aan die dag lê met die mens wat gekies het om vir die vyand van God te luister en self 'n vyand van God te word.

Met groot liefde het die Here na die mens geroep: **Waar is jy?** Die Here vra die vraag nie omdat Hy nie weet waar die mens is nie. Die Here weet waar die mens is en wat hy gedoen het. Daarom wil die Here hê die mens moet sy skuld bely en om vergifnis smee. Maar groot is die teleurstelling. Die mens bely nie sy sonde nie. Ja, die mens sê wel dat hy vir die Here wegkruip omdat hy bang is vir die Here. Hy sê net wat die gevolge is van sy misdaad.

Nog steeds bly die Here barmhartig teenoor die mens. Hy vra reguit of hulle van die boom geëet het waarvan Hy hulle verbied het om te eet. Die Here maak dit al makliker vir die mens om sy skuld te bely en om vergifnis te smee. Maar nog 'n keer tree die mens al verder van die Here af weg in die duisternis van die sonde in. Hulle verontskuldig hulleself en slinger bedekte beskuldigings na die Here en na die slang. Die mens en sy vrou het die opsoekende liefde en trou wat die Here aan hulle bewys, verwerp. Die sonde het gemaak dat hulle nie meer die Here ten volle kan of wil vertrou nie.

Die Here het die mens gewaarsku dat as hy van die verbode boom se vrugte eet, hy sal sterf. En nou hoor ons waar die dood sy eerste slag geslaan het. Die verhouding tussen die mens en sy goeie God het gesterf. Die mens haal nog asem, maar geestelik is hy dood, want hy wantrou die Here. Hy is nou 'n ongelowige.

'n Mens hou so te sê nou jou asem op: Gaan die Here met die mense handel volgens hulle oortredings? Gaan Hy hulle wantroue en opstand bevestig met 'n vonnis waarin daar geen moontlikheid op herstel is nie? Gaan Hy die mens met die liggaamlike en ewige dood straf? Vir antwoorde op hierdie vrae rig die Heilige Gees ons aandag op elke vonnis, sodat ons uiteindelik op die bergspits van ons kernvers kan staan.

Die eerste vonnis waarop die Heilige Gees ons oë rig, is die vonnis oor die slang. Aan die slang vra die Here nie vrae nie. Daar is vir die slang, of ten minste vir die duiwel wat die slang ingespan het, nie geleentheid om skuld te erken en vergifnis te kry nie. Die Satan het nie behoefte daaraan om om vergifnis by God te smee nie. Hy wil homself immers verhef en soos God wees, soos wat hy dit vandag steeds doen en in die laaste dae sal hy selfs so ver gaan en voorgee dat hy God is. Die Satan sal in der ewigheid nooit vergifnis van ons God verlang nie.

Dit is eers die slang wat gevonniss word. Van al die diere het die slang in skrandeheid en verstand uitgeblink. Sy vonnis: Vervloek is jy onder al die diere. Die ander diere is ook deur die vloek van die sonde getref, soos ons later sal hoor. Maar van al die diere het die vloek die slang die ergste getref. Hy word verneder om op sy pens te seil, en stof te eet al die dae van sy lewe.

Die tweede vonnis waarop die Heilige Gees ons oë vestig, is die vonnis wat oor die man en daarmee saam oor sy vrou uitgespreek word. Maar voordat die Here die vonnis uitspreek, stel Hy eers weer die klag. Die man het na die stem van sy vrou geluister en haar woorde hoër en belangriker geag as die Here se eie bevel. Hierin gee die Heilige

Gees ook vanoggend aan ons die waarskuwing om nooit mense se woorde belangriker as God se woorde te ag nie.

Die man moes geweet het dat die vrou se woorde teen die Here se wil indruis en haar eerder vermaan het, maar hy het nie. Selfs vandag nog gebruik die Satan mense naby aan ons om af te sien van die Here se Woord. Hy het dit deur die vrou in die paradys gedoen; hy het dit deur Petrus aan Jesus gedoen, omdat Petrus nie wou hê dat Jesus moes ly en sterf nie. Laat ons daarom maar mense se woorde eers toets aan die wil van God voordat ons doen wat mense vir ons sê.

Na die klag vervolg die Here met die vonnis: **Vervloek is die aarde om jou ontwil**. Die mens se sonde het hom nie net van God vervreem nie. Dit het gevolge vir die hele aarde. God se seën rus nie meer ongehinderd op die aarde nie. Oral in die skepping is die vloek so duidelik dat die mens kwalik nog die seën van God in die skepping herken. Alle natuurrampe wat ons vandag beleef is die gevolg van die vloek oor die aarde om die mens ontwil.

Daarom sal die mens ook nie meer moeitevry van die aarde se opbrings kan eet nie. **Met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe**. Hierdie vonnis geld vir die man en sy vrou. Die gevolg van hierdie moeite is dat bekommernis die mens se hart begin oorheers. Hoeveel mense is daar nie vandag wat siek word van bekommernis omdat hulle nie weet hoe hulle alles bymekaar sal kry om aan die lewe te bly nie. Hierdie bekommernis maak dat mense nog minder die Here se grootheid raaksien.

Tog, geliefdes, straal die genade van God vir die mens deur in hierdie vonnis. Met moeite sal die mens eet en 'n bestaan maak, maar hy sal darem nog kan eet en lewe. Die oordeel van Genesis 2:17 hang nog soos 'n swaard oor die mens: Jy sal sekerlik sterf, maar voorlopig is daar nog tyd om te lewe.

En as die mens se kos met die oordeel van God getref word, word ook sy werk getref. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet, want die aarde sal vir jou dorings en distels voortbring. Daar kom vervreemding tussen die mens en die aarde. Dit lyk asof die aarde aan God se kant is teen die mens, want die mens het veroorsaak dat die aarde aan die verganklikheid onderwerp is. Daarom sal die mens se werk wat vroeër soveel vreugde en blydskap gebring het nou met moeite gepaard gaan. Die mens se straf is nie werk nie, maar die moeite en swaarkry wat met die werk gepaard gaan. Tog is daar genade; die mens sal nog kan werk.

Aan die einde van die swaarkry en moeite al die dae van hulle lewe sal die mense sterf. By die geestelike dood wat mense dadelik by die sondeval gesterf het, sal hy ook aan die einde van sy dae liggaamlik sterf. Dit is asof die mens van die Here af weggedruk word: **Jy sal terugkeer na die aarde, waaruit jy geneem is. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.**

Ook in hierdie laaste deel van die vonnis oor die mens syfer die genade van die Here deur. Om dit raak te sien moet ons kyk hoekom die mens uit die tuin verdryf word. Die Here verdryf die mens en sy vrou uit die tuin en laat die ingang daarheen deur gerubs bewaak. Die doel van hierdie besluit: Sodat die mens nie nou in sy toestand van ellende en sonde van die boom van die lewe sal eet en ewig sal lewe nie. Dink net in watter ellende ons mense dan sou verkeer het – om vir ewig in ellende, swaarkry en moeite sonder God se besondere genade te lewe. Maar ons God is alwys. Hy verdryf die mens uit die tuin en oordeel dat hy sal sterf.

Die Heilige Gees vestig nou ons aandag op die derde vonnis wat ons nog nader aan die bergspits bring waarop Hy ons wil bring. Dit is die vonnis wat oor die vrou uitgespreek is. Haar swangerskap is met moeite en pyn verswaar, so erg dat sy met smart kinders in die wêreld bring. Wat aanvanklik vir die vrou net vreugde en blydskap moes beteken het omdat God die mens geseën het met vrugbaarheid en opdrag gegee het om te vermeerder, word nou belas met smart en pyn. Met elke pyn en hartseer by die swangerskap en geboorte van 'n kind verduur die vrou die gevolge van die sonde.

Ook in hierdie oordeel van God sien ons die flits van genade vir die mens straal. Die vrou sal moeite in haar swangerskap hê en swaarkry met die geboorte van haar kinders, maar sy sal kinders hê! Die eerste man en vrou kry nie net die genade om nog te lewe nie, maar ook die genade van 'n nageslag.

Alhoewel sy by haar swangerskap swaarkry en moeite sal verduur en met smart kinders in die wêreld sal bring, sal haar begeerte steeds na haar man wees. In hierdie oordeel hoor ons iets van die hebsugtige drang soos van die vrou teen wie die Spreuke-digter sy seun waarsku. Met haar seksuele gawes sal die vrou haar man wil beheer. Maar haar man sal oor haar heers. Hierdie oorheersing van die man oor sy vrou het sommer dadelik begin. Net nadat die Here die vonnisse uitgespreek het, benoem die man sy vrou Eva. Hy gee aan haar 'n naam net soos hy vroeër aan die diere name gegee het, waarin die man sy gesagsposisie oor die vrou duidelik maak. Maar die oorheersing van die man het nie by naamgee gebly nie. Hierdie laaste deel van die oordeel oor die vrou het onder die mense in die aakligste wreedhede tot uitdrukking gekom. Vroue wat mishandel en misbruik word, so erg dat die vrou maar net as 'n besitting van die man beskou word en met wie hy kan maak wat hy wil.

Dit is tog opvallend dat die oordeel oor die vrou in vergelyking met die oordeel oor die slang sowel as oor die man nie 'n lewenslange vonnis is nie. Sy sal nie al die dae van haar lewe pyn en smart met swangerskap en geboortes beleef nie. Die genade wat die Here hier, aan die een kant, vir die mens laat deurbreek, is dit: Die vrou se liggaam is so geskep dat sy gewoonlik net tot op 'n sekere ouderdom kinders sal kan hê. Daarom sal sy nie al die dae van haar lewe hierdie swaarkry hoef te verduur nie.

Geliefdes, die Heilige Gees het ons tot dusver nog net enkele strale van God se genade laat sien. Die flitse van genade het ons al nader aan die bergspits van genade gebring. Dit is op hierdie bergspits waar ons die genade in asemrowende strale oor ons sien kom.

Die laaste vonnis wat die Here ons God uitspreek vloei voort uit die vonnis oor die slang. Die verhouding van die vrou en die mens met die slang word nou totaal omgekeer. Die Here stel vyandskap tussen die slang en die vrou. Hierdie vyandskap is tot vandag toe sigbaar in die mens se verhouding tot die slang. Maar hierdie vonnis is nie net oor die slang nie. Dit is ook oor die bose mag agter die slang se optrede. Die vriendskap wat die vrou met die Satan gehad het sal in vyandskap verander. Die vrou sal die Satan haat en die Satan sal probeer om die vrou tot 'n algehele val te bring.

Tog beperk die Here die vyandskap nie net tot die vrou en die Satan nie. Hierdie vyandskap sal in die geslagte voortduur. Ook tussen die nageslag van die Satan en die nageslag van die vrou sal daar vyandskap wees totdat een uit die nageslag van die vrou die Satan se kop sal vermorsel. Maar geliefdes, die Here oorweldig ons nie met al sy genade op een slag nie. Hy laat sy genade tydsaam tot ons deursyfer, want die onmiddellike nageslag van die vrou stel teleur. Die een broer vermoor die ander een. En van Adam en Eva af sien ons dat die mensdom net al verder en verder van die Here af in

die duisternis in tree. Dit wil voorkom of die nageslag van die Satan, dit is al die mense wat ongehoorsaam aan God se geboorte leef, sterker is as die nageslag van die vrou. Ja, dit lyk as of die Satan die oorhand gaan kry.

Eindelik begin God heel nuut met die mensdom; Hy roep vir Abram. Maar Abram is al oud en sy vrou is ook nog onvrugbaar. Dan deur 'n wonderdaad laat God die beloftekind gebore word – Isak. Ook Isak en Rebekka moet lank wag voordat daar nog 'n nageslag is. En Isak faal ook maar; hy trek vir Esau voor. Jakob faal ook; hy laat hom deur sy bedrieglikhede lei om God se seën te ontvang. Ook sy seuns faal; hulle is afgunstig op mekaar en pleeg owerspel. En so gaan dit aan deur die hele nageslag van die vrou. Daar is nie een wat regtig kan opstaan en die slang se kop vermorsel nie; intendeel, hulle word elkeen deur die Satan gepootjie sodat almal in die sonde spartel. Tog bly die belofte van God van krag. Daar sal een uit die nageslag van die vrou wees wat wel die slang se kop vermorsel.

Uiteindelik het die Here ons God op die bestemde tyd hierdie een uit die nageslag van die vrou laat kom. Jesus Christus, die nakomeling van Dawid, die nakomeling van Abraham, die nakomeling van Adam en Eva. Deur sy hele lewe op aarde het Jesus Christus sy voet al stewiger op die Satan, die slang van ouds, se kop neergesit. Die slang het dit tog reggekry om Jesus aan die hakskeen te byt. Deur die Satan aangevuur het die Jode en die heidene Jesus aan die kruis vasgespyker waar Hy gesterf het. Maar toe dit vir baie gelyk het of die slang Hom dodelik gebyt het, het Hy die slang se kop finaal vermorsel. Hy het die sonde-skuld volmaak betaal deur sy dood heen. Hy het die Satan en die dood oorwin, sodat elkeen wat nou in Hom glo die ewige lewe mag hê. Waar Jesus Christus teenwoordig is, is daar nie meer dood nie. Vanuit die sondedood maak die Heilige Gees mense lewendig in die geloof.

Hierdie nuwe lewe wat Jesus Christus se teenwoordigheid in die mens se lewe veroorsaak, raak nie net hulle verhouding met God nie. Dit strek verder deur hulle hele lewe. Die gelowige se werk is nou nie net meer 'n geswoeg nie. In Christus is sy werk weer 'n vreugde, want deur sy werk is hy in staat om ook aan die armes te gee. In Christus is die huwelik vir die man en vrou 'n vreugde, omdat hulle maats is wat by mekaar pas en mekaar help. Die Christen beskou sy vrou nie as 'n besitting oor wie hy heers nie.

Die nuwe lewe gaan verder. Wanneer Jesus Christus terugkom op die wolke en die aarde en die hemel nuut gemaak het, sal die gelowiges nooit weer dood en ellende beleef nie. Dan sal hulle eindelijk van die boom van die lewe mag eet en in ewige heerlijkheid saam met hulle hemelse Vader kan lewe. Ook die hele skepping sal in hierdie heerlijkheid deel. Die Here belowe in Jesaja 11 wanneer die spruit uit die stomp van Isai, dit is Jesus Christus, uiteindelik voluit regeer, sal babatjies by die gate van adders speel, en klein kindertjies sal hulle hande na giftige slange uitsteek. Die vyandskap tussen die mens en die skepping sal ook tot 'n einde kom, want die aanstigter van die geweld, die Satan, sal in die poel van vuur gewerp wees.

Geliefdes, die Here ons God het van die begin af nie met die mens gehandel na sy oortreding nie. Hy het die mensdom gevinnis, want Hy is regverdig. Hy kan nie die sonde sienderoë toelaat nie. Maar selfs deur sy oordele heen skenk Hy sy genade in oorvloed sodat ons die seën steeds mag ervaar. En hierdie seën is dit: Ons lewe, ons werk, ons het kinders, en bowenal het ons in Christus Jesus, deur die Heilige Gees, 'n nuwe lewe wat uiteindelik sal uitloop in die ewigheid in waar God alleen tot in alle ewigheid Koning sal wees.

Amen!

Slotgebed

Psalm 145:8, 11, 12 (p. 697)

- 8 U magdaad blink – 'n son aan die gewelf! / U koninkryk is ewig soos Uself.
Tog help U, HEER, wie hier voor onheil swig, / wie neerstort, word deur U weer opgerig.
- 11 Hy gee die wens van almal wat Hom vrees; / op hul geroep wil Hy 'n redder wees.
Sy hand verdelg die goddelose, maar / die wat Hom liefhet, sal die HEER bewaar.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
29 November 2015